UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US)

BELEID VIR BEPALING VAN VOLKOSTE VIR NAVORSING EN NAVORSINGSVERWANTE KONTRAKTE

Beleidsverklaring	
Doel	Standaard volkosteberekeningsbasis verbonde aan navorsing-en navorsingsverwante kontrakte aan die US.
Tipe dokument	Beleid
Aanvangsdatum	01/08/2010
Datum van volgende hersiening	31/03/2015
Hersieningsgeskiedenis	Hersiende weergawe no. 1 op 19 November 2012. Hersiende weergawe no.2 op 17 April 2013
Eienaarskap van Beleid	
Eienaar van Beleid[1]	Vise-rektor: Navorsing en Innovasie
Bewaarder van Beleid	Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, Afdeling vir Navorsing Ontwikkeling
Datum van Aanvaarding	April 2010
Aanvaar deur	Stellenbosch Universiteitsraad
Sleutelwoorde	Volkoste begroting, navorsingskontrakte, Intellektuele Eiendom, indirekte koste

[1] Aanvanklik sal die Vise-Rektor (Navorsing en Innovasie) verantwoordelikheid aanvaar as beleidseienaar op 'n instellingsvlak.

1 DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van die beleid is om 'n standaard volkosteberekeningsbasis daar te stel vir die berekening van die kostes verbonde aan navorsing- en navorsingsverwante kontrakte aan die US.

2 AGTERGROND

Ingevolge die nuwe Wet insake Intellektuele Eiendomsreg voortspruitend uit Navorsing met Openbare Befondsing, Wet 51 van 2008 (voortaan genoem die "IE Wet"), sal enige navorsing wat deur private befondsing op 'n volkoste basis onderneem word, normaalweg nie onderworpe wees aan die betrokke wetgewing nie (Verwys klousule 15.4 van die betrokke Wetgewing). Dit is dus in die belang van die US en sy navorsingsvennote om waar van toepassing toe te sien dat die kostering van alle navorsing- en navorsingsverwante kontrakte op 'n volkoste basis geskied.

'n Taakspan vanuit die FEF ("Finance Executive Forum") omgewing het 'n benadering ontwikkel wat aan die regulasies van die IE Wet voldoen en wat deur Universiteite as 'n basis gebruik kan word vir die berekening van indirekte koste. Die benadering was via die FEF aan die Higher Education of South Africa (HESA) voorgelê, wat dit by Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuur Kantoor (NIPMO[2]) ingedien het namens alle universiteite.

3 BELEID

3.1 Toepassing

Die beleid is van toepassing op alle projekte waar US personeel kontraktueel onderneem om navorsing- en navorsingsverwante dienste en -konsultasie aan buitepartye te verskaf. Die beleid moet saam met die Indirekte Koste Verhalingskoers (IKVK) Beleid ten opsigte van derdegeldstroominkomste gelees word.

[2] "National Intellectual Property Management Office", ingevolge die Wet insake Intellektuele Eiendomsreg voortspruitend uit Navorsing met Openbare Befondsing, Wet 51 van 2008.

Die koste van die kontrak moet bepaal word volgens die riglyne daargestel in die beleid. Indien die kontrakprys teen minder as die volkoste vasgestel word, moet 'n versoek om sodanige afwyking van die voorgeskrewe beleid aan die Bestuurder: Navorsingskontrakte gerig word, wat dit in konsultasie met die Senior Direkteure Navorsing & Innovasie en/of Finansies (soos van toepassing) sal oorweeg vir aanbeveling aan die Dekaan, waar die Dekaan finale goedkeuring moet gee vir afwykings van hierdie beleid. Enige kontrak waarin daar met die kliënt ooreengekom word dat die kliënt intellektuele eindomsreg sal verkry, sal egter nie teen minder as volkoste geprys kan word nie. Die prysvassetelling van sulke kontrakte is ook onderhewig aan die US se beleid insake die kommersiële ontgunning van Intellektuele Eiendom (IE beleid).

3.2 Prysvasstelling van kontrakte

Volgens die vereistes vir prysvasstelling volgens die volkoste benadering, moet alle kontrakpryse sodanig bereken word dat alle koste wat verband hou met die projek in ag geneem word by die kontrakprys. Die finale prys of prysvasstelling van 'n kontrak, onderhewig aan die toepaslike minimum vereistes ten opsigte van die volkoste berekening, word oorgelaat aan die diskresie van die betrokke omgewing, deurdat die kosteringsmodel voorsiening maak vir 'n kontrakmarge wat die betrokke omgewing self kan bepaal.

3.3 Volkoste berekening

Ten einde die volle koste van 'n aktiwiteit/projek te bereken, moet die direkte koste tot die projek geïdentifiseer en bepaal word, die indirekte koste tot die projek moet ook bereken word en die volkoste van die projek beloop dan die som van die twee kategorieë.

3.3.1 Direkte koste

Direkte koste is al daardie kostes wat direk aan die projek toegeskryf kan word en kan die volgende insluit:

- Salaris- en salarisverwante uitgawes van alle personeel wat betrokke is by die projek. Die minimum koste van salarisse word spesifiek voorgeskryf om ooreen te stem met die US se aanvaarde basisvergoedingsvlakke en enige afwyking hiervan moet deur die Dekaan/Omgewingshoof aanbeveel word[1].

- Salarisse / beurse vir studente wat as navorsingsassistente deelneem

- Verbruikbare materiaal / voorraad
- Aankoop van toerusting & komponente spesifiek vir die projek
- Onderhoud van toerusting
- Rekenaartoerusting, &/-sagteware
- Administratiewe koste en professionele bestuurskostes wat direk verband hou met die projek
- Laboratoriumkoste
- Koste vir gebruik van gespesialiseerde toerusting (bv. Die Sentrale Analitisiese Fasiliteite)
- Konsultasiedienste wat ingekoop word
- Ouditfooie (bv. waar die kliënt spesifiek aandring op o.a. jaarlikse geouditeerde finansiële verslae)
- Reis- & Verblyfkoste, sowel as daggelde
- Addisionele versekering wat nie ingesluit is by die US se oorhoofse versekeringsportefeulje nie
- Enige ander uitgawes wat direk aan die projek toegeskryf kan word wat nie hierbo gelys is nie

3.3.2 Indirekte Koste

Indirekte of oorhoofse koste is daardie uitgawes wat deur die US aangegaan word en wat noodsaaklik is om die nodige ondersteuning te bied ten einde die spesifieke navorsingsprojek suksevol te kan bestuur en aflewer. Indirekte koste verteenwoordig nie 'n winsmarge vir die US nie, maar word bepaal deur 'n persentasieheffing van die totale projekkoste. Die IKVK is gebaseer op die HESA benadering inaggenome die unieke omgewing van die US.

Die indirekte koste wat verhaal word van navorsingskontrakte, deur die IKVK soos hierbo na verwys sluit die volgende in:

- Oorhoofse administratiewe- en ander kostes binne die Fakulteit/Omgewing
- Informasie en kommunikasie dienste & ondersteuning
- Oorhoofse Finansiële dienste
- Regsdienste
- Menslike Hulpbrondienste
- Kommunikasie en Skakelingsdienste
- Biblioteekdienste
- Internasionale Kantoor
- Oorhoofse Navorsingsondersteuningsdienste
- Studente administratiewe dienste
- Bankkoste
- Ouditfooie (anders as deur die kliënt voorgeskryf)
- Aanspreeklikheidsversekering
- Fasiliteitsbestuurs- en beplanningsdienste
- Instandhouding van geboue
- Sekuriteitsdienste
- Geboue en inhoudversekering
- Koste van munisipale dienste
- Gebruik van toerusting (sluit nie gebruik van o.a.Sentrale Analitiese Fasiliteite in nie)

'n Vasgestelde templaat sal deur die Afdelings Navorsingsontwikkeling en Finansies as hulpmiddel aan US navorsers beskikbaar gemaak word vir die berekening van 'n volkoste begroting (soos voorgeskryf deur die betrokke Afdelings) met 'n volledige uiteensetting van kostes wat in ag geneem moet word vir die kostering van 'n navorsingskontrak op die volkoste basis, sowel as die berekening van 'n finale kontrakbedrag met inagneming van BTW en enige addisionele koste soos deur die navorser of die fakulteit bepaal.

In die gevalle waar buitepartye ingevolge hul eie protokolle nie toelaat dat US 'n IKVK mag hef nie, of waar 'n ander persentasie deur die buiteparty voorgeskryf word, moet die goedkeurings proses, vir die versoek om vrystelling of gedeeltelike vrystelling, gevolg word soos in die IKVK beleid ten opsigte van derdegeldstroominkomste uiteengesit is.

In gevalle waar 'n buiteparty of NIPMO 'n sertifikaat vereis dat 'n spesifieke projek op 'n volkoste basis beprys en/of voltooi is, sal die US 'n eksterne ouditverslag aanvra. Die betrokke omgewing sal vir die koste van so 'n ouditverslag verantwoordelik wees. Dit staan die betrokke omgewing vry om die ouditkoste van die buiteparty te verhaal as deel van die volkoste berekening.

4 DEFINISIES

4.1 VOLKOSTE

Die totale koste van alle hulpbronne gebruik om die projek te voltooi, soos bepaal in ooreenstemming met internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde (IFRS), en dit sluit dus in alle toepaslike direkte en indirekte koste soos voorgeskryf.

4.2 DIREKTE KOSTE

Direkte koste is al daardie kostes wat direk aan die projek toegeskryf kan word

4.3 INDIREKTE KOSTE

Indirekte of oorhoofse koste is daardie uitgawes wat deur die US aangegaan word en wat noodsaaklik is om die nodige ondersteuning te bied ten einde die projek suksevol te kan bestuur en aflewer.

4.4 KOSTERING

Kostering behels die berekening van die Volkoste van 'n projek.

4.5 PRYSBEPALING

Prysbepaling behels die diskresionêre in- of uitsluiting van winsmarges, addisioneel tot die Volkoste van 'n projek.